Maatskaplike-en-etiese-komiteeverslag

Die maatskaplike-en-etiesekomitee (die komitee) help die direksie met die oorsig van, en rapportering oor Remgro se etiek, verantwoordelike korporatiewe burgerskap, volhoubare ontwikkeling, wetlike nakoming en verhoudings met belanghebbendes. In hierdie verband werk die komitee ten nouste saam met die strategiese ESG-komitee, wat toesig hou oor raakvlakke tussen sy eie opdrag en dié van ander direksiekomitees, insluitende hierdie komitee wat afsonderlik verslag doen (verwys hieronder). Hierdie verslag van die komitee is voorberei in ooreenstemming met die vereistes van die Maatskappywet (Nr. 71 van 2008), soos gewysig (Maatskappywet), en die King IV Verslag oor Korporatiewe Bestuur vir Suid-Afrika (2016) (King IV) en beskryf, onder andere, hoe die komitee in die jaar geëindig 30 Junie 2024 sy statutêre verpligtinge ingevolge die Maatskappywet, asook ten opsigte van die bykomende pligte deur die direksie daaraan toegeken, nagekom het.

Komiteelede en bywoning van vergaderings

Die komitee bestaan uit vyf lede wat oor die nodige vaardighede en ondervinding beskik en deur die direksie aangestel en van wie die meerderheid, soos aanbeveel deur King IV, nie betrokke is by die dag-tot-dag-bestuur van Remgro se besigheid nie, of nie enige tyd die vorige drie finansiële jare betrokke was nie. Die lede van die komitee vir die jaar onder oorsig is uiteengesit in die onderstaande tabel. Die voorsitter van die komitee is mnr Murphy Morobe, 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur. Ingevolge die komitee se handves moet minstens twee vergaderings gedurende elke finansiële jaar gehou word.

Mnr P J Moleketi, 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur, was met effek vanaf 18 September 2024, as 'n lid van die komitee aangestel.

Samestelling van die komitee

Komiteelid[1]	Aantal vergaderings gehou	Aantal vergaderings bygewoon
M (Murphy) Morobe (Voorsitter)	**4**	**4**
S E N De Bruyn	**4**	**4**
N P Mageza	**4**	**4**
P R Louw	**4**	**4**
P J Uys	**4**	**4**

[1] *'n Verkorte curriculum vitae van alle direkteure van die maatskappy word op bladsy 68 tot 71 verskaf, terwyl die kwalifikasies van mnre P R Louw en P J Uys (wat lede van die bestuursraad, asook voorgeskrewe beamptes ingevolge die Maatskappywet is) op bladsy 73 verskyn.*

Rol en verantwoordelikhede

Die komitee se rol en verantwoordelikhede word bepaal deur 'n formele handves, soos deur die direksie goedgekeur. Die handves is onderhewig aan 'n jaarlikse hersiening deur die direksie.

Die hoofdoelwitte van die komitee is om die direksie by te staan met die monitering van die groep se vertoning ten opsigte van etiek, verantwoordelike korporatiewe burgerskap, volhoubare ontwikkeling, nakoming en verhoudings met belanghebbendes. Dit word onder andere gedoen deur die sleutel volhoubare ontwikkelingspraktyke van die groep, soos hieronder uiteengesit, te monitor. Sodoende word die direksie gehelp om sy doelwitte te verwesentlik, naamlik om besigheid eties en volhoubaar te doen.

Remgro se vernaamste volfiliale wat apart bedryf word, is Wispeco Holdings Eiendoms Beperk (Wispeco) en Siqalo Foods Eiendoms Beperk (Siqalo Foods). Beide Wispeco en Siqalo Foods het hul eie maatskaplike-en-etiesekomitees daargestel, wat onafhanklik van hierdie komitee funksioneer. Remgro se verteenwoordigers op die direksies van Wispeco en Siqalo Foods het ook staande uitnodigings om vergaderings van daardie komitees *ex officio* by te woon. Die notules van die maatskappye se vergaderings, sowel as die maatskaplike-en-etiesekomitee van RCL Foods Beperk (RCL Foods) is as 'n vaste besprekingspunt in die agenda van die komitee ingesluit. Gedurende die jaar onder oorsig het voorgenoemde maatskappye (waar toepaslik) ook verslae oor hul onderskeie maatskaplike-en-etiesekomitees se bedrywighede aan dié komitee voorgelê. Capevin Holdings Eiendoms Beperk (Capevin), nog 'n filiaal van Remgro wat apart bedryf word, het ook onlangs sy eie maatskaplike-en-etiesekomitee gevestig en sal mettertyd notules van sy vergaderings en soortgelyke verslae aan hierdie komitee verskaf.

Daarby het Heineken Beverages Holdings Beperk (Heineken Beverages) en Siqalo Foods gedurende die jaar onder oorsig voorleggings aan die komitee gedoen en spesifiek gerapporteer oor die maatskaplike en etiese bestuursaktiwiteite van hul onderskeie besighede.

Die komitee is tevrede dat hy al sy verpligtinge in ooreenstemming met sy jaarlikse program behoorlik nagekom het, soos verder hieronder uiteengesit.

Beleidsoorsig

Die komitee is verantwoordelik vir die ontwikkeling en hersiening van die groep se beleide rakende die verbintenis tot, asook die bestuur en rapportering van, die groep se sleutel maatskaplike en etiese prestasie en om aanbevelings aan bestuur en/of die direksie te maak in dié verband. Gedurende die jaar onder oorsig het die komitee sy handves, sowel as die maatskappy se Etiese Kode, geskenkebeleid, sosiale mediabeleid, Etiese Kode-blitslyn, MIV/vigsbeleid en veiligheids-, gesondheids- en omgewingsbestuursbeleid hersien.

Monitering van volhoubare ontwikkelingspraktyke

Tot einde Junie 2024 was Remgro se algehele omgewings-, maatskaplike en bestuurs (ESG)-prestasie is onder die oorsig en monitering van die strategiese ESG-komitee op direksievlak. Die strategiese ESG-komitee is tot stand gebring om toegewyde aandag daaraan te skenk om ESG 'n integrale deel van Remgro se kernstrategie te maak. Die komitee het sy mandaat nagekom en strategiese leiding verskaf om die grondslag te lê sodat Remgro sy ESG-strewe, soos gemeet aan beste praktyke, in die komende jare kan bereik. Die ESG-handves en -bestuurstrukture verskaf strategiese leiding en oorsig ter ondersteuning van Remgro se verbintenis, en dié van sy onderliggende beleggings met betrekking tot ESG. Die direksie en die strategiese ESG-komitee monitor Remgro se ESG-prestasie en rentmeesterskap deur beleide, raamwerke, standaarde en riglyne, wat ook dié van die maatskaplike-en-etiesekomitee insluit.

Remgro se direksie het sy goedkeuring gegee vir die samesmelting van die strategiese ESG-komitee met die maatskaplike-en-etiesekomitee effektief vanaf 1 Julie 2024 om die maatskaplike-etiese-en-volhoubaarheidskomitee te vorm.

Die strategiese ESG-komitee is ook verantwoordelik vir die integrering van ESG-beleide in sakebedrywighede, die handveste van ander direksiekomitees, sowel as Remgro se toekomstige ontwikkeling en strategie.

In die uitvoering van sy pligte het die komitee die sleutel volhoubare ontwikkelingspraktyke van die groep hersien, met spesifieke verwysing na:

- verantwoordelike beleggingsbeleid en -raamwerk;
- etiek en nakoming;
- korporatiewe maatskaplike besteding;
- verhoudings met belanghebbendes;
- breë-basis swart ekonomiese bemagtiging;
- gesondheid en openbare veiligheid;
- arbeidsverhoudings en werksomstandighede;
- opleiding en vaardigheidsontwikkeling;
- bestuur van die groep se omgewingsimpak; en
- menseregte en anti-kinderarbeidbeginsels.

Die komitee se oorsigrol sluit ook die monitering van enige toepaslike wetgewing, ander wetlike vereistes of bestaande kodes van beste praktyke in, spesifiek ten opsigte van sake wat verband hou met maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling, goeie korporatiewe burgerskap, gelyke indiensneming, die omgewing, gesondheid en openbare veiligheid, verbruikersverhoudings, sowel as arbeid en indiensneming en algehele ESG-praktyke.

Die ESG en Volhoubaarheidsverslag gee volledige insig in Remgro se pogings om by te dra tot meetbare en positiewe maatskaplike en omgewingsimpakte en waarde vir alle belanghebbendes te skep terwyl volhoubaar sake gedoen word. Vir die eerste keer verlede jaar het Remgro openbaarmakings in ooreenstemming met die Taakspan oor Klimaatsverwante Openbaarmaking (TCFD)-raamwerk publiseer. 'n Kwalitatiewe klimaatsrisiko-ontleding is vanjaar geloods wat ons TCFD-verslagdoening verder ondersteun. Die volledige TCFD verslag is beskikbaar op die maatskappy se webwerf, www.remgro.com.

Die komitee monitor ook Remgro se deelname aan eksterne opnames rakende ESG en volhoubaarheidsaspekte wat betrekking het op die groep, en die resultate wat daarin behaal is. In dié verband het die komitee kennis geneem van eksterne erkenning en prestasies deur die groep, soos weergegee op bladsy 122.

Openbare verslagdoening en gerusstelling

Die komitee, saam met die oudit-en-risikokomitee, is verantwoordelik vir die hersiening en aanbeveling vir goedkeuring van die jaarlikse volhoubaarheidsinhoud wat in die geïntegreerde jaarverslag ingesluit en op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com gepubliseer is. Die komitee is ook betrokke om die behoefte vir eksterne gerusstelling van die groep se openbare verslagdoening oor sleutelelemente van sy volhoubare ontwikkelingsvertoning te bepaal en aanbevelings daaroor te maak. Ons sal opleiding aan sommige van ons interne ouditeure verskaf om gerusstelling ten opsigte van ESG- en volhoubaarheidsdata te verkry. Die komitee het die inhoud van die verkorte ESG en Volhoubaarheidsverslag, wat in die geïntegreerde jaarverslag ingesluit is, en die volledige ESG en Volhoubaarheidsverslag wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com gepubliseer is, nagegaan en dit aanbeveel vir goedkeuring deur die direksie.

Van die komitee word ook vereis om deur een van sy lede aan die maatskappy se aandeelhouers verslag te doen oor sake binne sy mandaat op die algemene jaarvergadering wat op 28 November 2024 plaasvind. In die kennisgewing van die algemene jaarvergadering, wat op bladsy 162 ingesluit is, word aandeelhouers verwys na die komitee se verslag wat saam met die volledige ESG en Volhoubaarheidsverslag wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com gepubliseer is, gelees moet word. Enige spesifieke vrae aan die komitee kan voor die vergadering na die maatskappysekretaris gestuur word. Komiteelede sal die jaarvergadering bywoon om vrae te beantwoord.

Murphy Morobe
Voorsitter van die maatskaplike-en-etiesekomitee

Stellenbosch
18 September 2024